Pretoria- 25 Nov 2012 (Nabetragting)

Skriflesing: 1 Johannes 2:18- 3:10; 4:7-21
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4 paragraaf 15**
Sing- Ps. 89:7; Ps.86:1; Ps. 138:1

Broeder en suster, ons het vanoggend weer die heilige Nagmaal kon vier. Ons het Psalm 116 ook gesing- *Wat kan'k die Here vir al sy guns vergeld?/Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade?/Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade/en by die kelk van heil sy Naam vermeld//* God het ons soveel geskenk en dit terwyl God ons niks skuld nie. Dit is waaroor paragraaf 15 in wese handel.

Ons as mense is baie daarop gesteld om te wil onderskei tussen wat ons as regverdig of dan as onregverdig beskou. Geliefdes, wanneer u iets ontvang wat u graag sou wou hê dat iemand anders dieselfde moet kry as wat u gekry het, dan voel dit net meer regverdig. Ek wil graag dat dié ander dieselfde moet hê as wat ek gekry het. Dit is hoe ons as mense die lyne trek maar die lyne in die Dordtse Leerreëls kan nie op die wyse getrek word nie.

God skuld ons niks nie. Selfs God se genade is Hy aan niemand verskuldig nie. Jesaja het dit al duidelik gemaak- in aansluiting by wat ons uit die ware Druiwestok- Jesus Christus- ontvang het, hoor ons Jes.55:8-9, wanneer die Here sê - ***8*** *Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE.* ***9*** *Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.* Alles wat God doen, kan ons saam met Paulus dit uitroep soos in Rom.11:33- ***33*** *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!* Ons kan gerus vers 34 hiermee saamlees- ***34*** *Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?* Dan gee vers 36 eintlik die volle som- ***36*** *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid*

***

Deel van die Here se gedagtes, ook hoe groot die Here se weë en werke in ons lewens is, sluit in dat God sy kinders die wedergeboorte skenk. Hierna het die vorige paragrawe van die Dordtse Leerreëls duidelik op gewys. Ons kan die wedergeboorte op geen manier verdien nie. Geen mens kan daarop aanspraak maak dat God hom/haar die wonderlikste wat daar met 'n mens kan gebeur, moet laat gebeur nie. Dit is net God wat alleen daaroor besluit, net God alleen wat die wedergeboorte laat plaasvind, sonder dat die mens nog eers geweet het dit wat God doen.

***

Die Remonstrante wil weereens die borde verhang. Hulle sê dat as God geheel en al, alleen hieroor besluit, God werk sonder enige aanleiding of oorsaak wat die mens kon maak, dan is die Here nie regverdig nie en handel Hy na sy eie willekeur. So maklik vergeet die Remonstrant hoe lyk die wêreld waarin ons lewe, hoe lyk die mens wat met God oor regverdig of onregverdig wil kom praat.

Ons leef in 'n wêreld geheel en al verdorwe, in sy totaliteit in sy skuld verlore, in alles strafwaardig voor God. Vanoggend het ons al na die vernielde wêreld verwys. Só 'n wêreld waarin die mens in hierdie wêreld gebore op geen manier uit homself/haarself anders as die wêreld kan wees nie. As God ons nie anders maak nie dan kan ons nie anders wees nie. Rom. 11:35 staan- ***35*** *Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word.* Vir die vraag wie het iets aan die Here gegee om vergeld te word, is die vraag na vergeld die Griekse Woord- ἀνταποδίδωμι - Die Woord hou verband met kompensasie- Wie kan kompenseer vir wat die Here aan ons geskenk het. Dit gaan om die vraag na hoe kan ons betaal vir wat ons ontvang, iets van om te probeer vergoed. Soos die meer vrye vertaling dit heel tereg vra- Wie kan aan God guns bewys, sodat God verplig is om iets terug te doen?" Dit kom maar weer terug na wat ons gesing het- Wat kan ek die Here vir al sy guns vergeld?

1Kor. 4:7 vra duidelik die vraag- *En wat het jy wat jy nie ontvang het nie?* Ons kan dit op geen manier beter opsom soos wat Jesus in Luk. 17:10 dit stel nie- ***10*** *So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.*

Al wat ons aan God verskuldig is, dit waarmee hierdie erediens na Nagmaal ook gevul moet wees is dankbaarheid. Dit gaan om danksegging. Wanneer jy die genade ontvang, dan is jy aan God ewige dank verskuldig. Dit maak 'n mens opreg dankbaar. Wie is ek om die genade te mag ontvang? Wie is ek om die Nagmaal te kon vier? Terwyl ek soos alle ander mense verdien het om ewig deur God verlaat, verwerp te wees! Wat 'n groot voorreg het my te beurt geval! Onverdiende guns. In die gelese skrifgedeelte roep Johannes uit: *Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word* (3:1). Ek mag 'n kind van God wees terwyl ek my soos die verlore seun gedra het. Terwyl ek my rug hom toe gedraai het. Ons het mos almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop. Maar die Here het my in sy groot genade opgesoek. Weer huis tóé gebring. Opgeneem in sy

gesin. Lewend gemaak. Hy wou my nie aan die sonde en die dood prysgee nie. Hy wou my red. Daarom het Hy vir my geloof gegee. Die wedergeboorte.

In die vorige paragrawe het ons elke keer oor die wedergeboorte gepraat. Die wonderlike gebeurtenis wat God in ons lewe laat plaasvind sonder dat ons enige bydrae kon lewer. Hierdie onbeskryflike, heerlike groot daad wat God deur sy Heilige Gees uitvoer, dit wat die wedergeboorte genoem word, word in paragraaf 13 die brug na paragraaf 14. Paragraaf 13 wys op hoe ons al hierdie groot dinge wat ons probeer beskryf, ook kan beleef, maar ons belewing is so groot- ons moet erken dat ons kan dit nie alles verstaan nie. Daar is baie dinge wat God doen, wat ons moet aanvaar ons kan dit nie uit onsself God nadoen nie, ons kan dit in alle geval nie alles begryp nie. Dit bring paragraaf 14 by die punt van wat ons waarlik net kan glo. En dan glo ons nie omdat ons kon begin glo nie, maar God het ons die geloof geskenk, die geloof ingegee, die geloof ingestort. Al hierdie groot dinge wat reeds plaasgevind het, baie van dit wat ons nie kan verstaan nie, ons kan God net daarvoor dankbaar wees- par 15.

***

Paragraaf 15 wil egter ook na vandag se Nagmaal na die ongelowiges kyk. Kan dit wees dat daar mense is wat wil glo, maar nie kan glo nie. Kan dit wees dat God sy genade weghou van mense, al sou hulle met hulle hele hart Nagmaal wou vier en dit reg en troosryk vier. Mense wat dink die Here het hulle verhinder om Nagmaal te kon vier. Die Here doen nie dit nie. Ons belydenis wys daarop dat die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, geen waarde aan geestelike dinge heg nie en net in sy eie dinge behae skep. Die persoon wil ook nie glo nie. Hy voel hom nie misdeeld omdat hy nie die genade van die geloof ontvang nie. Hy begeer nie die genade nie. Hy wil nie anders as om sonder God te lewe nie. Hy wil sy eie dinge doen en jaag nie die geestelike dinge na nie. Dit pla nie die ongelowige dat die Here hom verbygegaan het nie. Die ongelowige is dankbaar dat God hom/haar verbygegaan het. Dankbaar oor God hulle uitlos. Dit is en was nooit God se skuld dat hulle nie wil nie…

’n Mens kry ook ‘n ander tipe ongelowige. Dit is die ongelowige wat hom daarin beroem dat hy wel ‘n gelowige is terwyl hy/sy dit nie is nie. Dit is die kerklidmaat wat gereeld kerktoe gaan. Ons Here Jesus het ’n brief aan die gemeente van Laodicea laat skryf . Ons was so paar Sondae voor die toe deur van die kerk van Laodicea gestel gewees. Hier het ons die mense wat gereeld kerk toe gaan en voortdurend die prediking hoor. Die Here Jesus sê dan vir hulle: *Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar*

koud of warm. Skokkende woorde. Daar is by hulle geen verwondering of entoesiasme oor God se genade nie. Vandag se Nagmaal sou vir hulle maar net nog weer 'n Nagmaal wees. Geen opgewondenheid oor wat God ons skenk nie. Dit is mense so beïndruk deur hulleself. Jesus voeg dan daaraan toe: *want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.* Hierdie lidmate dink dat hulle geestelik ryk is. Tog is hulle geestelik bankrot. Daarom raai die Here aan - *om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.* Daar is by hulle geen uitgesproke vyandskap teen Christus nie, maar ook geen ware liefde vir Christus nie. In elke gemeente is daar huigelaars. Hulle lewe in die valse gerustheid dat hulle iets het wat hulle eintlik nie het nie. Daarom is die selfbeproewing in 'n mens se lewe so belangrik. Ook hierdie weke na Nagmaal sal ons keer op keer onsself weer moet beproef!

***

Maar nou, ná Nagmaal stel die belydenis uit die Dordtse Leerreëls ons voor 'n derde groep mense. Dit waarby u uself mag insluit. Hoe moet ons houding dan wees teenoor ons mede-gelowiges in die kerk? Ons belydenis stel dit duidelik: **Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend.** In elke gemeente is daar ook die mense wat klaar staan om ander mense te keur en te veroordeel. Hulle meet die ander mense aan hulleself. Hulle het hul eie gedagtes oor hoe 'n gelowige of bekeerde persoon moet lyk. Daaraan word die ander dan gemeet en dikwels te lig bevind. Aan hul woorde en aan hul houding teenoor jou kan jy weet of jy te lig bevind is of nie. Mense wat heeltyd dink hulle weet alles, hulle kan die regte oordeel fel. Hulle dink dit, maar wees maar vir hulle versigtig… So word baie Christene en lidmate wat nie aan hul maatstawwe voldoen nie, wat nie hulle kennis of ervarings het nie, afgeskryf as tweederangs lidmate, as onbekeerdes.

Johannes het ook met sulkes te doen gehad. Sulkes wat ons kan noem- "geestelike keurders." Hulle het gespog oor hul kennis. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle ware kennis van God het en met God gemeenskap het. Hulle is die "geestelikes", mense wat die Gees van God het. Tog veroordeel Johannes hulle a.g.v. hul gebrek aan broederliefde. Hulle sien uit die hoogte neer op die ander gelowiges wat nie hul vlak van kennis en ervaring het

nie. 1 Joh. 2:9- : *Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.*

***

Na vandag se Nagmaal bly die vraag hoe kan ek weet of ekself of iemand anders werklik kind van God is. Johannes wys daarop dat ons dit kan toets aan iemand se belydenis en lewenswandel. *Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God (4:15).* Die ware belydenis moet dan ook saamgaan met 'n christelike lewenswandel. Daarom skryf Johannes in 2:10 *Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy wat sy broeder nie liefhet nie."* En ook 1 Joh. 4:7-8 *"elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde"* (4:7,8). Uit jou konkrete lewenswandel blyk dit wie jou Vader is.

Hoe beoordeel ons mekaar by hierdie nabetragting vandag? Ons kan nie mekaar se harte lees nie. Ons kan slegs uitgaan van wat ons sien en hoor. Van iemand se belydenis en wandel. Dit beteken dat ons oor hulle wat hul geloof openlik bely en hul lewe verbeter altyd gunstig sal praat en oordeel. So mag ons ook mekaar in die Nagmaal, ja, ná hierdie Nagmaal mag dit gunstig wees. Ons verwag nie 'n volmaakte lewe nie, ook nie 'n lewe wat identiek is aan ons eie lewe nie. Ons besef dat ons ook nog daagliks baie vergewing nodig het. Daarom sal ons beslis nie uit die hoogte op die ander neersien nie. Wanneer ons die begin van die nuwe gehoorsaamheid sien, die begeerte om volgens God se woord te lewe, dan is ons bly en dankbaar.

Daarin herken ons die werk van die Gees van God. Ons wil dit dan ook erken, ondersteun en verder opbou. Daarin het ons die voorbeeld van die apostels. Lees maar hoe hulle skryf vir die gelowiges in die verskillende gemeentes. Ondanks al die gebreke en sondes wat hulle in die gemeentes moet aanspreek, oordeel hulle en praat hulle baie gunstig oor die gemeentes. Enkele voorbeelde van hoe gunstig die Apostels oor lidmate oordeel. In Efesiers 1:13- spreek Paulus die Efesiërs aan as -*julle wat geglo het en verseël is met die Heilige Gees* In Ef 2 skryf hy: -*julle het God lewend gemaak. Uit genade is julle gered…* Oor die Filippense skryf Paulus dat hy voortdurend God vir hulle dank en dat hy hierop vertrou dat *Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus"* (Fil 1:3-6). Vir die Kolossense skryf hy: *Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God* (Kol 3:3). Petrus skryf vir die vreemdelinge in die verstrooiing: *"Maar julle*

is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry. (1 Pet. 2:9). So sou ons nog talle voorbeelde kon noem. Op grond van hul belydenis en wandel praat die apostels baie gunstig oor die gemeentes en gelowiges vir wie hulle skrywe. Daarin het hulle 'n voorbeeld vir ons gegee.

Wat is ons reaksie op die genade van die geloof wat God vir ons gegee het? Weereens die vraag by hierdie nabetragting- WAT KAN EK GOD VIR AL SY GUNS VERGELD? Verwondering? Dankbaarheid? Lof? Daar is alle rede daartoe. Wat 'n groot voorreg het my, ellendige sondaar, te beurt geval, om Nagmaal te kon vier. En hoe is ons houding teenoor ander in die kerk? Getuig dit van ootmoed en liefde? En bewoënheid oor die lot van hulle wat skynbaar nie die genade ontvang het nie? Laat ons mekaar werklik wil ondersteun en uitreik na ander. Sodat meer mense mag deel kry aan die genade en God die lof kan ontvang wat Hom alleen toekom. Begeer u werklik dat daar mos moet wees in u as druiwetros. Dan sal ons paragraaf 15 van die Dordtse Leerreëls kan aangryp met groot dankbaarheid.

AMEN


Paragraaf 15
God is hierdie genade aan niemand verskuldig nie
Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie om dan daarvoor vergoed te word?
Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie?
Die mens wat hierdie genade ontvang
is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig
en dank God ook daarvoor
Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie
heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie
en skep net in sy eie dinge behae
of beroem hom, sonder om na te dink, tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie
Verder moet oor hulle baie gunstig geoordeel en gepraat word
Wie?
hulle wat hulle geloof in die openbaar bely
en hulle lewe verbeter
Hoekom?
volgens die voorbeeld van die apostels
want die binneste van die hart is aan ons onbekend
Vir die ander, wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan
Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself so van hulle onderskei het nie